SASTRI KOLLEGE

DEPARTEMENT VAN TALE

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL

EERSTE BEHEERDE TOETS : GRAAD 12 -2020

EKSAMINATRISE : N.BRIJMOHAN **MODERATRISE : MEV. V.MATHURA**

TYD: 1 UUR **PUNTE : 40**

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae
2. Hierdie vraestel bestaan uit :

Afdeling A – LEESBEGRIP

Afdeling B - OPSOMMING

Afdeling C - TAAL

3. Begin elke vraag op 'n **NUWE** bladsy.
4. Nommer jou antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
5. Dui die nommer en onderwerp van jou vraag duidelik aan.
6. Begin elke afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
7. Lees al die vrae aandagtig deur en voer die opdragte noukeurig uit.
8. Skryf netjies en leesbaar met 'n **blou pen.**
9. **HIERDIE VRAESTEL BESTAAN UIT 7 BLADSYE.**

b.o....Bl. 2

AFDELING A: ADVERTENSIE

Thinz dieetpille.

Die beste Suid-Afrikaanse eetlusdempers op die mark.

Verloor gewig vinnig !!!

Ons het hierdie suksesvolle besigheid vir vier jaar nou.
Met 'n wêreldwye kliënte basis ..
Thinz is 'n eetlusdemper wat veilig vir almal is.
Word verkoop sonder 'n voorskrif !
Kry die Eetlusdemper wat werk - THINZ !!!

b.o....Bl. 3

VRAE:

1.1 Kyk na die vrou se lyftaal en sê hoekom jy dink dat sy tevrede met die produk is. (1)

1.2 Wie, dink jy, is hierdie produk se teikengroep ? (1)

1.3 Hoekom is sekere woorde vetgedruk en groter as die res van die woorde in hierdie advertensie ? (1)

1.4 Watter **EEN WOORD** in hierdie advertensie het die teenoorgestelde betekenis as "gevaarlike" ? (1)

1.5 Kies die antwoord wat **NIE PAS NIE**. Skryf net die vraagnommer en letter (A – D) neer.

Thinz is 'n dieetpil wat :

A. jou sal help om van jou ekstra kilos ontslae te raak.

B. mense van enige plek in die wêreld kan koop.

C. slegs met 'n voorskrif gekoop kan word.

D. wat werk. (1)

1.6 Voltooi die volgende sin met **EEN WOORD:**

As jy..... wil verloor, kan jy hierdie eetlusdemper gebruik. (1)

1.7 Hoekom, dink jy, is die lettertipe in ""Thinz Dieetpille" effektief ? (1)

1.8. Haal **TWEE APARTE WOORDE** uit die advertensie aan wat mense sal beïnvloed om hierdie produk te koop ? (2)

1.9. Hoe weet die leser dat hierdie eetlusdempers nie net in Suid-Afrika beskikbaar is ?

Haal **VYF AGTEREENVOLGENDE WOORDE** aan as jou antwoord. (1)

TOTAAL AFDELING A: [10]

b.o....Bl. 4

AFDELING B: OPSOMMING

VRAAG 2: HOE OM BOELIES TE HANTEER

INSTRUKSIES

- Som die sewe **MANIERE HOE OM BOELIES TE HANTEER** in SEWE sinne op.
- Skryf elke hoofgedagte in 'n volsin neer.
- Skryf die sinne puntsgewys onder mekaar neer.
- Laat 'n reël tussen die sinne oop.
- Jou opsomming mag nie langer as **70** woorde wees nie.
- Dui die KORREKTE getal woorde aan die einde van die opsomming aan.

HOE OM BOELIES TE HANTEER

As jy geboelie word, moet jy met iemand daaroor gesels.Gesels met jou ouers of onderwysers. Dit help nie om stil te bly nie. Sodoende sal jy geen hulp kry nie.

As 'n boelie agter jou snoepiegeld of speletjies is, laat die speletjies by die huis. Moenie geld vir die snoepie bring nie – bring eerder toebroodjies van jou huis af om gedurende die pouse te eet.

Kry maatjies vir ondersteuning. Gebruik 'n maatjiestelsel as jy iewers by die skool loop. Groepies kinders sal nie maklik geteiken word nie. Verantwoordelike kinders is as boelie-buddies geïdentifiseer en as kinders geboelie word, word hulle geroep om in te gryp.

Bly kalm. Dit is die beste manier om 'n boelie te hanteer. Dis beter om kalm te bly en die boelie te vra om op te hou en weg te loop. Boelies hou van aandag en sal dit geniet om 'n kind se siel uit te trek.

Moenie té betrokke raak nie. Natuurlik moet jy die skool van die voorval vertel, maar moenie self die boelie by die skool stormloop nie. Vra 'n onderwyser om met die boelie se ouers te praat – jy kan selfs insit –maar dit moet 'n konstruktiewe gesprek wees met iemand wat die gesprek lei.

Jy moet weet dat boelievoorvalle gerapporteer moet word; al was jy self nie die teiken nie.As jy te bang is om in te gryp, roep 'n volwassene of vertel vir 'n volwassene daarvan.

Jy moet weet dit is nie oukei om te lag as iemand geboelie word nie. Die boelie moet weet hy / sy op sy / haar eie is en moet geen aanmoediging kry nie.

As jy die bostaande raad in ag neem, sal boelies in hulle plek gesit word.

[Verwerk uit: *Vroukeur,* 12 Januarie 2019]

TOTAAL AFDELING B: 10

b.o....Bl. 5

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.

3.1 Gee die **KORREKTE VORM** van die woord tussen hakies. Skryf die nommer van die vraag en die antwoord.

Skryf in vir hierdie (kompeteer) (1)

3.2 Lees die onderstaande gedeelte uit die woordeboek en gee die korrekte vertaling van die woord tussen hakies.

lek'ker s.nw. (-s; -tjie) Mengsel van soetighede, bestaande o.a. uit suiker, botter, sjokolade, vrugte, neute, wat in allerlei vorme as versnapering verkoop word - dikwels in die meervoud gebruik; vgl. LEKKERGOED: *Baie lief wees vir lekkers. 'n Seuntjie met 'n mond vol lekkers.*
lek'ker-bek s.nw. Persoon wat van lekker kos hou, graag lekker eet: *Vet word is lekkerbek se voorland.*
lek'ker-goed s.nw. Lekkers, snoepery. Vgl. LEKKER. **lek'ker-goedwinkel.**

Jy kan jou eie **(sweets)**- fabriek wen. (1)

b.o....Bl. 6

3.3 Skryf die sin oor in **VRAAGVORM.**
Jy droom oor jou eie besigheid. (1)

3.4 Skryf die sin oor in die **INFINITIEF**.

Jy moet jou kaartjie koop.
Begin so: Jy behoort... (1)

3.5 Gee die **KORREKTE VORM** van die byvoeglike naamwoord. Slegs die nommer en antwoord.

Jy kan jou (voltooi) inskrywingsvorm pos. (1)

3.6 Skryf die getal in WOORDE. Slegs die nommer en antwoord.

Die kaartjies kos (140) rand elk, maar met elke kaartjie kan jy reeds 'n prys wen! (1)

3.7 Skryf die sin oor in die **ONTKENNENDE VORM**.

Jy kan twee kontantpryse wen. (1)

3.8 Kies die korrekte **VOORSETSEL.**

Wanneer jy (in, vir, aan) die wedstryd deelneem, maak jy 'n direkte bydrae tot die Nelson Mandela Kinderfonds. (1)

3.9 Kies die korrekte **BYVOEGLIKE NAAMWOORD**.

Op hierdie manier sal jy 'n klomp (jonk, jong,) gesiggies help om weer te glimlag. (1)

3.10 Skryf die sin oor in die korrekte **WOORDORDE**.

Nadat (het, Nelson Mandela, die privaatsektor, om te help, gevra), het die *Sweet Factory* onmiddelik gereageer. (1)

3.11 Gee die **SINONIEM** van die woord tussen hakies.

Sweet Factory het (onmiddellik) gereageer. (1)

3.12 Skryf die sin oor in die **VERLEDE TYD.**

Hulle beplan om die fondse deur middel van die wedstryd in te samel. (1)

b.o....Bl. 7

3.13 Kies die korrekte **WERKWOORD**. Slegs die nommer en die antwoord.

Hulle het gesamentlik die besluit (geneem, gemaak). (1)

3.14 Gee **EEN** woord vir die woorde tussen hakies. Slegs die nommer en die antwoord.

Dit is 'n wedstryd (wat + deur) jy 'n verskil in kinders se lewens kan maak. (1)

3.15 Gee die **INTENSIEWE VORM** van die woord tussen hakies.

Die wedstryd kan jou ook (baie ryk) maak. (1)

3.16 Skryf die sin oor in die **LYDENDE VORM.**

Sweet Factory gee gratis opleiding. (1)

3.17 Kies die korrekte **VOORNAAMWOORD** tussen hakies. Slegs die nommer en die antwoord.

Na die opleiding is die winkel (jou, joune, syne.) (1)

3.18 Gee **EEN** woord vir die woorde tussen hakies.

Van die (mense wat deelneem) wil weet waar hierdie winkel gaan wees. (1)

3.19 Skryf die sin oor in die **TOEKOMENDE TYD.**

Elke wenner besluit self. (1)

3.20 Gee die **OORTREFFENDE TRAP** van die **BYVOEGLIKE NAAMWOORD**.

Die heel (goed) is as dit in een van die groot winkelsentrums is. (1)

TOTAAL AFDELING C:20

GROOTTOTAAL : 40